

GOD VRA VOLGEHOUE YWER OMGEEGROEPE 21 – 27 SEPTEMBER 2014

1. LIEF EN LEED – deel met mekaar vir voorbidding, bemoediging en dankbaarheid.
2. INGENOOI IN GOD SE TEENWOORDIGHEID – raak rustig en bid saam.
3. LUISTER NA GOD SE WOORD – LEES HEBREËRS 5:11 TOT 6:12 SAAM DEUR. Wat val jou onmiddelik op oor hierdie gedeelte? Let op die woorde “traag om te leer” en dat “julle teen hierdie tyd self onderrig behoort te gee”. Wat sê hierdie woorde oor die lesers van Hebreërs? Wat sê dit vir ons oor onself? Hoeveel opvoedkundige terme is daar in verse 11 tot 14?! Gesels oor die beeld van melk en vaste kos wat die skrywer gebruik. Gesels veral oor 6:1. Wat beteken dit vir ons as gelowiges?

Ons sou kon praat van “vakke” in God se leerskool sodat ons kan aanhou groei! Identifiseer dit na aanleiding van die volgende Skrifgedeeltes: Spreuke 4:1,7. Matteus 5:3. Lukas 1:80. Filippense 1:9-11. Gesels ook saam oor wat Efesiërs 4:13-16 ons leer oor : Ons einddoel? Ons geestelike spierkrag? Ons verhouding met Christus? Ons verhouding met medegelowiges?

4. LUISTER NA MEKAAR EN DIE WÊRELD – Hoe reageer die wêreld teenoor Christene wat “traag” is in leer en lewe? Ons behoort self “onderrig” aan die wêreld te gee, sê die skrywer. Hoekom doen ons so min ten opsigte daarvan? Is dit ons eie gebrek aan kennis omdat ons nog by die melkkos bly? Of is ons eenvoudig net traag? Gesels hieroor.
5. LUISTER NOU WEER NA GOD SE WOORD – HEBREËRS 5:11 TOT 6:12 praat oor die gevaarlike moontlikheid om weer afvallig te raak. Traagheid. Ons onderrig nie mense nie. Ons bly tevrede met melk. Ons sukkel dus om tussen goed en kwaad te onderskei. Ons groei nie na die volle inhoud van die boodskap nie. Gesels veral oor die gevaar van weer afvallig raak aan die hand van verse 4-8. Dit is harde woorde van die skrywer om in baie ernstige terme te waarsku teen “weer afvallig raak”! “MAAR” - DIE BAIE BELANGRIKE WOORD MAAAR: Na die waarskuwende vinger van hierdie verse, kom die hand op die skouer en die bemoediging van verse 9-12! “Maar...” LEES VERS 9. In vers 9 word hulle aangespreek as “geliefdes”. Daar word uit God se liefdeshart met hulle gepraat! Die skrywer is oortuig van beter: dat hulle gered sal word. LEES Vers 10: God is nie onregverdig nie! Hy sal hulle werk en hulle liefde nie vergeet nie. Hy sal dit beslis onthou! “Onthou”, gaan oor baie meer as net geheue. God onthou hulle aktief deur aan hulle goed te doen en erkenning te gee (soos met die moordenaar aan die kruis – Jesus dink inderdaad aan hom!). LEES vers 11. Vers 11 gaan oor volharding in die ywer vir die Here. LEES vers 12. Vers 12 beklemtoon weer dat ons nie traag moet word nie, juis vanuit die bemoediging vanaf vers 9! Wees juis ywerig vir die Here deur geloof en geduld! So kry ons deel aan al God se beloftes! WAT BETEKEN VERS 12 VIR JOU?
6. FOKUS OP WAT GOD DOEN – lees weer vers 10. Wat doen God? Lees ook weer vers 12. Wat doen God ten opsigte van sy beloftes? FOKUS DAAROP!
7. ANTWOORD MET JOU LEWE – GESELS SAAM oor hoe ons doelbewus ons traagheid kan oorkom, kan fokus op wat die Here doen, en vol ywer vir God gaan lewe.
8. BID SAAM – oor bogenoemde boodskap en die gesprek van die vorige punt 7. Gebruik ook die gebedsbriefform om vir die gemeente te bid.
9. DIENSBEURTE – bevestig weer die diensbeurte van die omgegroepe.